

Nuusbrief 8 7 Maart 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen

083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

Wie wen sovêr?:

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Wie wen sovêr?

Kaskardag Borgvorms

Bl. 2 Koffiebekers

Welpierugby

Verjaarsdae

Bl. 3 Belangrike datums

Invloed van TV

Bl. 4 Deel

Lewenslim

Karakter

Die geldjies, wat op die borglyste belowe is, stroom nog in en die Kewertjies loop sovêr nog voor, maar die

Dinosaurusse is kort op hul hakke, gevolg deur die Gansies!!

Daar is nog enkele geldjies wat inbetaal moet word, dan laat weet ons u wat die totale is en wie die finale wenners is!!



Kaskardag Borgvorms—6 Maart:

BAIE DANKIE!! Woorde ontbreek altyd wanneer 'n mens uit 'n dankbare hart 'n opregte dankie wil spreek. Die woordjie 'dankie' moet dan tonne ekstra gewig dra en dis waarmee ons u elkeen wil bedank! Baie dankie vir die wonderlike bydraes op die borgvorms. Ons het oneindige waardering vir ons ouers, wat ons met oop hande en harte ondersteun!

Baie dankie vir die bydraes van items vir die Teetuin, wat daarvan 'n reuse sukses gemaak het!

Baie dankie vir hulp in die teetuin en met die kinders se speelpark—dit was fantasties!

Baie dankie vir die bywoning van dié besondere dag, dis waarom dit 'n fees was!!!





Koffiebekers:

Ons het nog **twee** van die bekere oor, wat u by die skool kan kom koop teen **R80 elk**.

Dis 'n oulike aandenking, omdat dit met die skool se wapen daarop spog!

Dit gaan die koffie of warmsjokolade somer lekker warm hou, wanneer die koeler weer aanbreek.

Opedag 10 Maart:

Die Laerskool en Hoërskool se opedag vind op 10 Maart plaas. Nooi gerus enige belangstellendes om dié geleentheid by te woon.

Dit begin om 15:00 by die Laerskool- en Hoërskool sale.



Welpierugby:

Ons gr. 0 seuntjies is tog te opgewonde oor die Welpierugby, wat op Dinsdag 7 Maart begin. Hierdie termyn word geoefen, die **wedstryde** begin van **Mei tot Junie**. Indien daar nog iemand is wat ons kan help met die af-rigting, sal ons dit vreeslik baie waardeer!

Karakter:

Die rede vir struikelblokke, teleurstellings en misluk-kings is dat God meer geïnteresseerd is in jou karakter as in jou gemak. Hy wil jou lewe eerder heilig maak as om jou gelukkig te maak.

Rick Warren



Belangrike datums:

- 7 Maart:** Welpierugby – oefening begin
- 10 Maart:** Opedag: Laerskool en Hoërskool
Afsluiting van Kaskardagprojek
Afsluiting van Matprojek
- 16 Maart:** Uitstappie na Kidzville—Voorskool
- 28 Maart:** Ons kleuters trek aan soos pappa of mamma!
- 5 April:** Bybelse “ete” vir ons kinders—net druiwesap en ongesuurde brood—ons vier die eerste nagmaal!



Die invloed van TV:

Navorsing bewys dat TV skadelik is vir kinders, veral onder die ouderdom van drie. Dis omdat die brein van 'n klein kindjie soos 'n hoop klei is en groei en verander in reaksie op wat hy of sy beleef.

Vroeë blootstelling aan TV vir kinders een tot drie jaar word geassosieer met aandagspanprobleme op ouderdom sewe, volgens 'n studie wat gedoen is deur die Children's Hospital and Regional Medical Center in Seattle, soos gepubliseer in die vaktydskrif *Pediatrics*. Dié studie toon dat elke uur se TV-kyk per dag tussen die ouderdomme een en drie, die risiko van aandagspanprobleme soos ADHD met omtrent 10% verhoog teen ouderdom sewe. Dié studie het ander faktore uit die omgewing, soos kognitiewe stimulasie en emosionele ondersteuning in aanmerking geneem.



Matte te koop!:

Ons het die oulikste fantasiematte vir kinders te koop!

Die karretjiematte is beskikbaar teen R320 elk (in die winkels kos dit R360) en die “Fairyland” mat (wat nie eers in winkels beskikbaar is nie!) teen R300 elk.

Die matte is fantastiese geskenke en kan hier by die skool gekoop word. Ons wil graag die projek op **10 Maart afsluit**.





Goue geheime van deel:

Maak jou kind deel van die koop van verjaardaggeskenke. Laat hy of sy die present self uitsoek en vir die maatjie gee.

Wanneer jy jou kind 'n lekkertjie gee, gee hom of haar nog een om vir 'n maatjie te gee, in plaas daarvan dat jy dit vir die maatjie gee.

Prys hom of haar wanneer daar mooi met ander kinders gespeel word. Wees spesifiek: "Ek hou daarvan dat jy vir Anette 'n beurt gegee het om mie die fiets te speel."

Berei jou kind daarop voor dat maatjies gaan kom kuier en dat sy haar speelgoed sal moet deel, bêre vooraf spesiale speelgoed weg.

So word ons Lewenslim:

Uitstappies is by uitstek geskik vir die ontwikkeling van lewensvaardighede. Neem jou kind na geskiedkundige monumente en museums. Laat jou lei deur sy belangstelling en moenie die uitstappie te lank uitrek nie.

Vat hom of haar kinderteater toe—hul sal dol wees daarvoor. Probeer sy of haar ervaringsveld so wyd moontlik maak sodat dit dans, drama en musiek insluit.

Maak jul eie tv-stel uit 'n groot kartondoos. Laat elkeen sy eie tv-program aanbied.

Probeer 'n ander vorm van vervoer gebruik, soos 'n bus of trein, pleks van 'n motor.



Nog iets oor karakter :

Karakter, nie omstandighede nie, bepaal wie 'n mens is. *BT Washington*

Karakter is om te doen wat reg is, wanneer niemand kyk nie. *JG Watts*

Edelheid van karakter is 'n taal wat blindes kan sien en dowses kan hoor. *Mark Twain*

Mag ons kinders met karakter kweek!

Baie dankie!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen

